

# DIE ROMANTIEK VAN ARGEOLOGIESE NAVORSING

J.J.B. Dreyer

Argeologiese opgrawings wek gewoonlik groot belangstelling, die vondste word normaalweg as besondere ontdekkings bekend gemaak en die werk in 'n atmosfeer van romantiek gehul. Mense stel dus belang in die verlede en skeppinge uit die verlede. Daar lê vir die mens groot bekoring in die oorblyfsels van sy skeppinge en opwinding in die ontdekking daarvan. Oorblyfsels van gewone alledaagse gebruiksartikels word egter heeltemal misgekyk. Mooi en kosbare voorwerpe word van waarde geag en hierdie oorbeklemtoning van die eksotiese gee aanleiding tot 'n verdraaide beeld en hinderlike wanopvattinge oor die voorgeskiedenis wat by herhaling deur oningeligtes versprei word.

Soos die geval met elke ander studierigting, is daar bekoring in argeologiese navorsing. Romantiek is nie uniek aan die argeologie nie. Dit kan egter slegs ervaar word deur noue betrokkenheid. Argeologie kan nie beleef word vanuit 'n leunstoel nie, want betrokkenheid by argeologie verg harde werk, soms onder ongunstige omstandighede. Argeoloë word gewoonlik deur die werk geboei en selde verveel, gewaarwordinge wat vir die buitestaander moeilik waarneembaar is.



*'n Goue renoster van Mapungubwe, 'n pre-Zimbabwe-woonterrein langs die Limpopo. Die ontdekking van hierdie terrein was moontlik die indirekte aanleiding tot die begin van Ystertydperk-navorsing in Suid-Afrika. Dit is tog 'n droewige gedagte dat die groot aantrekkingskrag gelê het in die paar goue voorwerpe wat gevind is, eerder as die ander oorblyfsels van die bewoning.*

Argeologiese werk bevat nie die opwinding van 'n skattejag nie; intendeel argeoloë werk nie met

die vooruitsig om heilige tempels of kosbare skatte te vind nie. Die sukses van 'n projek hang normaalweg nie af van die herwinning van unieke vondste nie, maar is gemik op gegewens rondom die voorwerpe wat met geduld en toewyding met troffel en kwas blootgelê word. Die opwinding van die vak is nie moeilik om waar te neem nie. Dit is 'n genot om nuwe horisonne oor die lang geskiedenis van die mens oop te stel, die artefakte (skeppinge) van vroeë onbekende mense te hanteer en terreine waar hulle geleef het te verken. Die opwinding is geleë in die versamel van feite en die geleidelike en deurdagte uitbou van die kennis oor die lewenswyse van mense uit die verlede uit brokkies inligting, soms in sigself oënskynlik onbelangrik.

Gedurende die loop van 'n navorsingsprojek beteken dit dat daar vir lang tydperke in die veld kampeer moet word. Hierdie fisiese woon en werk op die terrein bring vir die argeoloog 'n belewenis in ruimte en tyd. Hy ervaar die natuur en die omgewing in al die manifestasies van die elemente, plante en diere. Deur die terrein te ervaar soos die bewoners dit beleef het, help dit die navorser om te probeer dink soos wat hulle gedink het. Dit bring ons nader aan die ontdekking van die mens agter die skeppinge. Eers dan kan ons die sisteem waarvan die mens deel was, regtig verstaan.

Argeologiese navorsingswerk onderstreep die feit dat die mens en sy skeppinge tydelik en verganklik is. Mense het hier gewoon en geleef en verdwyn en omdat sommige nie hulle geskiedenis in skrif nagelaat het nie, weet ons nie wie hulle was of wat hulle hulself genoem het nie. Dan besef ons dat mense kom en gaan, dat hulle deel is van die geskiedenis, dat elke mens 'n geskiedenis het en daaglikse geskiedenis maak.

Omdat mense verskynsels uit die verlede raak sien en daarvoor wonder, het dit tot gevolg dat navorsing oor die verlede gedoen word. Die blote belangstelling van die publiek eis dat fondse beskikbaar gestel en geleenthede geskep word vir navorsing en die opleiding van navorsers. Argeologie is 'n wetenskap en verg kundigheid en harde werk. Die vak word egter nie slegs beoefen



*Die goue gesigmasker uit die graf van Tutankamen, is een van die bekendste voorbeelde van argeologiese vondste. Voorwerpe soos hierdie maak gewoonlik die belangstelling van die publiek gaande. Vir die argeoloog het die potskerwe van die vroeë-Sotho of die onopsigtelike klipwerktuigies van die San (Boesman) egter net soveel waarde.*

ter wille van die argeologie nie en is nie net 'n abstrakte wetenskap nie. Dit bestudeer die menslike verlede en is gemoeid met alle menslike aktiwiteite. Die navorsing is nie beperk tot geskrewe rekords nie en bied deur middel van besondere tegnieke 'n aanvullende beeld, maar ook nuwe kennis van die verlede. Dit handel met gebeure oor 'n lang tydperk en met mense uit alle lae van die bevolking, terwyl die individu anoniem bly. Argeologie kan nie antwoorde op alle vrae omtrent die verlede verstrek nie, maar lewer dié belangrike bydrae dat dit ook nuwe vrae opper waarop nuwe antwoorde gesoek moet word.

Argeologie is hoogs tegnies. Dit word beoefen deur opgeleide mense deur middel van bepaalde tegnieke, verstaanbaar vir ander kundiges. Argeologie produseer kennis baie stadig. 'n Kort artikel is dikwels die werk van jare se navorsing.

Navorsingsresultate is meestal versigtig en voorlopig terwyl op kontrole en bevestiging deur verdere werk gewag word. Argeoloë raak soms te statisties en verloor die mens en die samelewing uit die oog. Argeologiese bevindinge word nie altyd in 'n verteerbare vorm aangebied nie, met ander woorde, 'n argeologiese verslag is nie juis leesstof vir ontspanning nie. Dit is gewoonlik nie net vir die algemene publiek ontoeganklik nie, maar vind soms ook nie inslag by historici en politici nie.

Omdat argeoloë huiwer om hulle vak populêr te maak, is daar 'n konstante neiging deur buitestaanders om dit te doen. Die algemene publiek is daarom grootliks onkundig omtrent argeologie. Terselfdertyd is daar belangstelling om meer daarvan te hoor. Die publiek openbaar voorts 'n goedgelowigheid in die betroubaarheid van inligting en is potensieël ontvanklik vir die dikwels verouderde en foutiewe inligting wat op hierdie wyse versprei word.

Indien argeoloë stilswyend toelaat dat fantasieë oor die verlede as feite aangebied word, is hulle medepligtig aan die proses van foutiewe inligting aan die algemene publiek en moet dus die blaam daarvoor aanvaar.

Argeoloë is egter besorg oor die onkritiese en soms irrasionele behandeling van die argeologie deur die media en is ingestel op die oordrag van die ware feite aan 'n waarderende publiek. Dit is duidelik in eie belang om argeologies goedingeligte belangstellendes te hê, enersyds om die verspreiding van verdraaide feite te verhoed, maar ook om die plundering en vernietiging van terreine deur swak of halfingeligte fortuinsoekers te voorkom.

Daar rus dus 'n taak op argeoloë, veral dié by museums, om deur die verskaffing van korrekte inligting en die reëling van deelname, aan die publiek die geleentheid te bied om in die werklike romantiek van argeologiese navorsing te deel.



#### BIBLIOGRAFIE

- DU BRUYN, J. 1983 Geskiedenis en Argeologie. *Historia* 28(1): 30-38  
 FAGAN, B.M. 1978 *In the beginning. An introduction to Archaeology*. Little, Boston Brown & Co  
 FEDER, K.L. 1984 Irrationality and Popular Archaeology *Amer. Antiquity* 49(3) 525-541  
 HOLE, F. & HEIZER, R.F. 1969 *An introduction to prehistoric Archaeology* New York Holt, Rinehart & Winston  
 INSKEEP, R.R. 1970 *Archaeology and Society in South Africa* *S. Afr. J. Sci.* 66 (10) 301-311